COMMUNITY NEWSPAPER

# GansBerg Nuus/News

PRICE R15.00

303th Edition

15 May 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

| Groeneweide-Fees | Lighthouse2Lighthouse | Annetjie Smit se droom | 21km Road Race | Laaste Eerbetoon | Sensei Yusuf Meyer |
|---|---|---|---|---|---|

# Ontmoet 2026 se Kandidaat-Jongboere


Albert Smit.

"Agri Wes-Kaap het met trots die kandidate vir die 2026 Agri Wes-Kaap / Santam Jongboer van die Jaar-kompetisie aangekondig," het Rojeanne de Wet, skakelbeampte, laat weet. "Dit is 'n groep uitstaande jong produsente wat die toekoms van landbou in die Wes-Kaap verteenwoordig."

Die beoordelingsproses sluit onder meer plaasbesoeke en 'n omvattende evaluering van elke kandidaat se bestuurspraktyke, finansiële insig, produksiebenadering en betrokkenheid by georganiseerde landbou en hul gemeenskappe in. Die Agri Wes-Kaap / Santam Jongboer van die Jaar-kompetisie fokus op uitnemendheid in bestuursvernuf, tegniese vaardigheid en strategiese besluitneming. Dit bied 'n platform waar jong boere erkenning ontvang vir hul vermoë om in 'n dinamiese en uitdagende landbou-omgewing volhoubaar en innoverend te produseer. "Die 2026-jaartema is: *Standvastig in 'n veranderende wêreld*," het Rojeanne gesê. "Hierdie kandidate beskik oor die eienskappe van moderne landbouleiers - aanpasbaar, vooruitdenkend en gefokus op langtermynvolhoubaarheid."

Vanjaar se trotse kandidate is:

***Albert Smit (31)** van Clanwilliam boer met rooibostee, sitrus en skape. Sy langtermynvisie is die groei en uitbreiding van die verbouing van sitrus en rooibos, om werkers deur verdere opleiding en ontwikkeling te bemagtig, en om die plaas beter te optimaliseer en volhoubaarheid deur verdere presisieboerdery te verseker. Hy beplan om selfvoorsienend ten opsigte van energieverbruik te wees en om grond wat hy tans huur, aan te koop.

***Pieter Kruger Uys (40)** van Robertson boer met wyndruiwe, perskes en appelkose. Sy langtermynvisie is om so lank moontlik te kan boer en so suksesvol moontlik by die alledaagse uitdagings van die landbou aan te pas. Sy prioriteite vir die nuwe seisoen is nuwe aanplantings, die handhawing van positiewe verhoudings met werknemers en goeie koördinering van alles wat die algehele werk op die plaas beïnvloed. ***Artikel volg op bl.2***


Pieter Kruger Uys.



The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




***Richard Hutton-Squire (40)** van Grabouw boer met appels en pere. Sy langtermyndoelwitte is om 'n volhoubare landboubesigheid op te bou. Op medium termyn wil hy die aangeplante hektaar na 300 uitbrei, terwyl hy terselfdertyd die ouer boorde herplant. Hy sien waarde daarin om 'n werknemergefokusde handelsmerk te bou, aangesien die produksie van appels en pere baie arbeidsintensief is. Hy wil die maatskappy as 'n voorkeurwerkgewer posisioneer.

***Roux Conradie (27)** van Tulbagh boer met wyndruiwe, olywe en beeste. Sy langtermynvisie is om 'n hoogs winsgewende, tegnologiegedrewe en volhoubare boerdery te vestig wat op presisieboerdery en data-gedrewe besluitneming berus. Hy fokus op die optimalisering van insetkoste en die maksimalisering van opbrengs per hektaar deur blokspesifieke bestuur. Sy fokus sal wees om bestaande stelsels verder te verfyn sodat besluitneming meer akkuraat en data-gedrewe is.

"Die wenner van die provinsiale kompetisie sal op 10 Junie 2026 aangekondig word, waarna hy as die Wes-Kaap se ambassadeur sal optree wanneer hy later vanjaar aan die Nasionale Toyota SA / Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie deelneem," het Rojeanne gesê. "Agri Wes-Kaap wens elke kandidaat sterkte toe met die volgende fase van die kompetisie en erken hul bydrae tot 'n sterk en toekomsgerigte landbousektor."

**Hardus Botha**



*Richard Hutton-Squire.*



*Roux Conradie.*

**OVERSTRAND MUNICIPALITY**

Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancy:

**DRIVER OPERATOR: FRONT END LOADER (GANSBAAI)**

**Directorate:** : Infrastructure Services
**Department:** Roads and Stormwater
**Reference number:** WC0324654
**Basic Salary:** R174 984 p.a
**Employment Type:** Permanent
**Place of Work:** Gansbaai

**Requirements:** • Basic Literacy • A valid Code EC Driver's licence with PRDP • Communication skills in at least two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape • One–two (1–2) years' experience.

**To view detailed advertisement with all relevant information for the above vacancy please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za**

**For any enquiries in this regard, please contact Mr. J Solomons on 028 384 8312.**

**Closing date: 27 May 2026**

Dr DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200
Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 95/2026

Contact us to Advertise:
Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za







**Te Huur**
Semi-Gemeubileerde
Ouma woonstel
**R5000 per maand**
Water ingesluit
Gebruik van elektrisiteit en eie meubels onderhandelbaar
Deposito 1 maand vooruitbetaalbaar
**Andries: 082 731 7152**

# Lighthouse 2 Lighthouse Ladies skenk ruim aan Silwerjare


*Rodger Bred (middel) ontvang die tjek ten bedrae van R200 000 - van links is Tamara Stofberg, Hanlie Vorster, Betsie de Witt en Jennie Vorster van die Lighthouse 2 Lighthouse Ladies.*

Die bejaardes en bestuur van Silwerjare Dienssentrum in Blompark het onlangs meer as genoeg rede vir breë glimlagte gehad. Die bekende *Lighthouse 2 Lighthouse Ladies* (L2L) van die Overstrand het ná hul vorige staptog 'n bedrag van R200 000 aan Silwerjare Dienssentrum as donasie toegewys - die tjek is einde April 2026 aan die tesourier, Rodger Bred, oorhandig.

Die bejaardes was nie teenwoordig tydens die oorhandiging nie en het die *Gans-Berg Nuus* gevra om 'n foto van hulle te neem sodat hul dank en waardering só in die koerant gedeel kon word. Hulle het voor die kennisgewingbord stelling ingeneem en Silwerjare Dienssentrum se stigtingsdatum trots uitgewys - 3 Desember 1998, bykans 28 jaar gelede. “Ons dra graag ons opregte dank en waardering aan die *Lighthouse 2 Lighthouse Ladies* oor,” het die voorsitter, Florence Jones, gesê. “Die donasie beteken 'n baie groot en welkome finansiële verligting vir ons te midde van moeilike ekonomiese tye.”


*Dankbare bejaardes van Silwerjare Dienssentrum.*

L2L is 'n groep vroue van die Overstrand wat jaarliks ongeveer 100 kilometer oor vier dae vanaf die Kaap Agulhas-vuurtoring na die Danger Point-vuurtoring stap - alles ten bate van liefdadigheidsorganisasies wat die Overstrand-gemeenskap dien en jaarliks deur hulle geïdentifiseer word. Hulle is nie self 'n liefdadigheidsorganisasie nie, maar dien as 'n voertuig om geld vir geregistreerde organisasies in te samel.

Die keuse van die liefdadigheidsorganisasies wat voordeel trek, is 'n oop proses waarvoor voorleggings van alle NGO's en NPO's in die Overstrand gevra word. Vanjaar was Silwerjare Dienssentrum in Blompark een van die gelukkige organisasies wat 'n donasie ontvang het.

**Hardus Botha**

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
**Hardus:082 786 0494**
**info2@gansberg.co.za**









# Kuns, natuur en bewaring by Groeneweide-fees verenig



*Die GGAP-span verf die vleiland-logo.*

Die unieke *Living Wetland, Living Soil Festival* op Groeneweide het talle interessanthede opgelewer - 'n kunsuitstalling deur die GGAP-span (*Gorgeous Gansbaai Arts Project*), 'n Oggendmark, die *Battle Bush Hackers* en, as hoogtepunt, die rit na die Waterval-kloof.
Die fees is van 1 tot 3 Mei 2026, met Die Hangkas as basis, op Groeneweide aangebied met die doel om bewustheid van die vleiland op Groeneweide onder feesgangers te skep. "Na die vernietigende brand is die vleiland toeganklik en bestaan daar nou die geleentheid om die indringerplant, *Acacia*



*Vleiland-logo.*

*longifolia*, se saailinge uit te trek," het Mathilda Roos van Groeneweide aan die *Gans-Berg Nuus* gesê. "Dit is 'n enorme taak, maar noodsaaklik om uit te voer."

Mathilda sê die 100 ha-gebied sluit die kritiek-bedreigde Agulhas-sandfynbos in. Meer as 400 fynbosspesies is reeds op Groeneweide geïdentifiseer, waarvan 31 bedreigde spesies is. Sowat 30 Erica-spesies en 17 Protea-spesies is reeds aangeteken.

**Biodiversiteitskenmerke:**
*Overberg-sandsteen (bedreig) - spesie-spesifieke teenwoordigheid van *Mimetes cucullatus* en *Leucodendron salignum*, met 'n hoë voorkoms van Erica- (30) en Protea-spesies (17);
*Agulhas-sandfynbos (kritiek bedreig) - diep sandgrond wat diverse gemeenskappe van Erica-spesies ondersteun, met 'n hoë Restio-diversiteit (21 spesies);
*Vleiland - seisoenaal en permanent nat, met biesies en *Berzelia lanuginosa* wat algemeen in watergebiede voorkom.

As deel van die feesverrigtinge het die bedrywige GGAP-span die vleiland-logo teen Die Hangkas, Groeneweide se kunsuitstalruimte, geverf. "Dankie aan GGAP vir die groot geskenk," het Mathilda gesê. "Benewens die GGAP-span se kunsuitstalling, was daar ook 'n oggendmark, asook heerlike etes wat in die Groeneweide Restaurant aangebied is." Die rit na die unieke Waterval-kloof het groot byval onder besoekers gevind. Ondanks die wind en reën het die Groeneweide-span gesê dat só 'n fees sonder twyfel weer aangebied sal word. (*Foto's: Mathilda Roos*)

**Hardus Botha**






# TE HUUR

**2 Aparte Woonstelle te huur op plaas grond**
- Franskraal Area - 5min uit Gansbaai
- Groot leef Areas
- R5000 en R6000pm
- Koop krag in elke woonstel
- Groot woonstel beskikbaar vanaf einde April 2026
- Kleiner woonstel onmiddelik beskikbaar

Kontak Annetjie 082 395 5687






***The Reserve Manager of the Grootbos Foundation received an exciting camera trap alert - a leopard sighting.  "This is one of the very best ways to start the day, and it reminds us how fortunate we are that there are still places where leopards and humans can share a landscape without conflict," said Phillip Murray of the Grootbos Foundation. Hardus Botha***







# Annatjie Smit se droom

"Ek beskou die meegaande foto as 'n geskiedkundige oomblik," vertel Annatjie Smit, die Gansbaai-groep se koorafrigter.  "Dit is die groep geesdriftige sangers wat Gansbaai by die nuutgestigte Wes-Kaapse Senior Burger Sangfees gaan verteenwoordig."  Groepe vanuit verskillende dorpe gaan deel vorm van 'n groot massakoor wat op 19 September 2026 in Stellenberg gaan optree. Annatjie sê al die koorlede oefen afsonderlik en kom dan saam vir die opwindende fees van "lekker saamsing", aangesien dit nie uit gevestigde kore bestaan nie.  Sy sien met groot entoesiasme uit daarna om die vordering van hierdie groep dop te hou en kan skaars wag vir die unieke byeenkoms in September - 'n eerste vir die Wes-Kaap.

Die *Gans-Berg Nuus* het in Februarie vanjaar begin om Annatjie se inisiatief vir 'n Wes-Kaapse Senior Burger Sangfees te ondersteun.  "Dit het gewerk," het sy dankbaar laat weet.  Annatjie was voorheen betrokke by die Oos-Kaapse Sangfees vir Senior Burgers, wat 'n groot sukses was.  Ná haar verhuising na Gansbaai het sy besluit: waarom nie 'n soortgelyke sangfees vir die Wes-Kaap aanbied nie? - sy het die daad by die woord gevoeg.

Annatjie het verduidelik dat dit nie 'n gestruktureerde koorfees is nie, maar bloot 'n heerlike massa-saamsinggeleentheid.  "Deelnemers kan hul harte in 'n unieke massakoor uitsing, sonder enige vooraf oudisies en/of stemklassifikasies, solank hulle net lief is vir sing," het Annatjie se uitnodiging destyds gelui - en dit het beslis byval onder seniors gevind.

***Die geesdriftige Senior Sangers wat Gansbaai by die Wes-Kaapse Senior Burger Sangfees gaan verteenwoordig, met Annatjie Smit regs in middel ry.***



Vir enige navrae kan Annatjie Smit by 082 657 2324 (WhatsApp) gekontak word, of stuur 'n e-pos aan haar by anikmusik44@gmail.com

**Hardus Botha**






# From Endurance Walking to a 21km Road Race

In September 2025, W/O Riaan Mostert (Mossie) took a SAPS fitness test and weighed in at 109 kg. He arrived home quite concerned, as he realised he was carrying too much weight and wanted to do something about it. As I have been participating in road running races since 1994 and have coached in various sports, I invited him to train with me.



*Coach Julia Barlow and W/O Mossie Mostert after the 21km race.*

It is not an "easy fix" to get fit and lose weight - it takes commitment and a willingness to stick to a structured programme. Mossie clearly remembers that his first training session was tough and that he was unable to run from one street corner to the next. After a few weeks, however, he said he wanted to join me in a 21km race in February 2026. This was not in my training plan for him, so I advised that I would coach him for the Rhodes 21km race in Wellington on 1 May 2026. "Let the training begin," was his reaction.

It required a complete change in diet and training. A revised, structured eating plan and a running/fitness schedule were drawn up. He set a high target: to reduce his weight to 89 kg and complete the 21 km in under 2 hours 30 minutes. There were times when "coach" had to be firm and lay down the rules - overcome the hills, eat correctly, never give up, and most importantly, enjoy what you are doing.

Fortunately, Mossie has participated in SAPS endurance walking for the past 15 years. Therefore, moving from walking to running was different, but not too difficult - although specific training was required. Short runs, fast runs, slow runs, and long runs were all included. After conquering the three hills in Ingang Street, De Kelders, there was no stopping him. I knew he was ready for the race day as he continued to train consistently and eat well. On the race day, we collected our race numbers on Thursday, 30 April, and were up bright and early on 1 May for the event. We lined up and set off at 07:00. Mossie was well prepared and followed my instructions throughout the race. It was a great day, and he finished in 2:26:06 - comfortably under 2 hours 30 minutes - with his weight down to 89 kg.

Mossie's comment after the race: "I am tired but very happy. I am proud of passing a few youngsters going up the hills." Well done, Mossie. I am proud of you - the "bug" has bitten, and he is already looking forward to the Gun Run and Voet van Afrika in September 2026.

**Julia Barlow**



# CLASSIFIEDS

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**UNITY SERVICE RECOVERY**
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
ALCOHOLICS ANONYMOUS
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External

Call Mike on 063 708 4283

**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

**CONTACT US TO ADVERTISE:**
Michelle:078 010 8286 michelle@gansberg.co.za
Janine:072 931 1431 janine@gansberg.co.za

Gans-Berg Nuus/News
Weeklikse Gemeenskapskoerant
Website Link
TikTok
GANSBERGNEWS

**VAKATURE**
Ek soek werk vir my bediende.
Het elke 2de week 4 dae oop.
- Middeljarige & Gesond
- Hardwerkende bruin vrou
- Betroubaar, Eerlik, Goeie werksetiket
- Altyd betyds vir werk
- Goed met kinders en senior persone

MARLENE
084 714 4604

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Nico Groenewald - 073 919 7777
De Kelders NHW Phone: 060 924 0484
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877


NEIGHBOURHOOD WATCH

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | M | L | I | A | R | L | I | A | R | D | H | S | A | L | P | S |
| A | D | C | I | T | Y | S | L | I | C | K | E | R | S | C | S | D |
| M | F | T | Y | P | B | Y | E | U | O | C | C | D | W | A | S | F |
| O | I | O | Z | E | D | E | Y | W | A | S | T | O | Y | D | E | L |
| W | C | M | M | C | S | R | S | L | S | H | R | A | P | D | N | G |
| Y | E | M | M | Q | A | M | P | T | E | K | R | Z | J | Y | O | V |
| T | A | Y | F | Y | Q | G | A | T | I | P | E | K | G | S | L | B |
| T | G | B | L | A | N | I | R | N | S | N | R | F | W | H | A | N |
| E | E | O | L | I | R | A | G | R | Y | E | S | P | O | A | E | I |
| R | V | Y | D | P | M | G | I | U | J | Y | V | H | S | C | M | P |
| P | N | A | L | P | I | A | O | E | Q | K | G | Q | O | K | O | G |
| A | R | A | D | R | H | P | H | O | L | I | D | A | Y | W | H | N |
| T | N | L | L | R | S | T | V | P | U | O | S | K | C | U | D | I |
| E | R | F | N | Z | D | L | R | O | W | S | E | N | Y | A | W | K |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 7 | | | 9 | | 6 | |
| | | 1 | | 8 | | 2 | | 7 |
| 5 | | 4 | | | | | | |
| | | | 2 | | | 3 | | |
| 7 | 5 | | | 9 | 8 | | | |
| | 8 | | | | 6 | | | |
| | | | | | 2 | | | 9 |
| 4 | | | | | | 7 | | |
| | | | 4 | | | | 2 | |

AIRPLANE
BEST IN SHOW
CADDYSHACK
CITY SLICKERS
DAVE
DUCK SOUP
EMMA
FARGO
HAIRSPRAY
HOLIDAY
HOME ALONE
ICE AGE
KINGPIN
LIAR LIAR
PRETTY WOMAN
SPLASH
THE JERK
THE TRAMP
TOMMY BOY
TRADING PLACES
WAYNES WORLD
WORKING GIRL
YES MAN




# ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | X | U | V | X | U | R | E | P | E | E | L | S | O | L | L | O |
| N | K | X | T | H | O | N | E | A | C | J | L | S | I | A | B | N |
| N | O | F | O | A | O | N | C | A | B | A | Q | F | G | N | S | U |
| I | F | S | N | E | N | T | P | L | P | U | E | H | O | B | I | J |
| E | T | T | I | A | R | S | S | S | E | O | A | I | U | T | H | M |
| H | Z | O | X | D | E | O | H | H | F | B | T | H | D | H | T | E |
| A | S | O | O | C | A | O | M | B | O | C | U | J | U | G | E | A |
| L | R | N | I | T | T | M | R | H | E | T | N | C | C | I | Z | T |
| L | G | F | I | F | S | I | Y | L | S | F | S | S | K | N | Y | B |
| V | F | X | Q | W | A | I | E | L | Z | U | O | P | S | E | L | A |
| O | O | M | G | N | T | T | E | G | L | M | R | I | O | T | A | L |
| S | L | L | A | B | E | C | A | P | S | I | Q | Z | U | A | N | L |
| O | R | E | A | L | G | E | N | I | U | S | B | X | P | D | A | S |
| R | U | H | T | R | A | M | A | L | L | R | A | T | S | X | C | X |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | 9 | 8 | 7 | 1 | 4 | 5 | 3 | 6 |
| 1 | 3 | 4 | 2 | 5 | 6 | 7 | 9 | 8 |
| 5 | 6 | 7 | 9 | 8 | 3 | 1 | 2 | 4 |
| 3 | 7 | 6 | 8 | 9 | 1 | 4 | 5 | 2 |
| 9 | 2 | 5 | 3 | 4 | 7 | 6 | 8 | 1 |
| 4 | 8 | 1 | 5 | 6 | 2 | 9 | 7 | 3 |
| 6 | 5 | 3 | 1 | 2 | 9 | 8 | 4 | 7 |
| 7 | 1 | 9 | 4 | 3 | 8 | 2 | 6 | 5 |
| 8 | 4 | 2 | 6 | 7 | 5 | 3 | 1 | 9 |

# Laaste eerbetoon deur munisipale kollegas

Kollegas, oud-kollegas, brandweerpersoneel, raadslede, voormalige burgemeesters en verskeie hooggeplaaste munisipale beamptes het op Maandag, 4 Mei 2026 die NG Kerk bykans volgesit om 'n laaste eerbetoon aan hul geliefde kollega, Paul (Paulus) de Villiers, te bring. Paul is op 23 April 2026 in die ouderdom van 71 jaar onverwags oorlede (Gans-Berg Nuus, 30 April 2026). 'n Groot deel van die herinneringsfoto's wat vertoon is, was van Paul in sy werk as Superintendent: Parke saam met kollegas, waar hy ná sowat 21 jaar in 2019 afgetree het.



Die diens is deur ds. Willie Kotze gelei, wat Prediker 3:1-2 as Skrifgedeelte vir sy boodskap gebruik het: "*Elke ding het 'n vasgestelde tyd; elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe …*" In sy boodskap het Willie na die belangrikheid van tyd verwys - vanaf geboorte tot sterwe. "Soos wat ek Paul geken het, het hy die beste gebruik gemaak van die tyd wat aan hom gegun is, hetsy vir sy familie en vriende of sy kollegas en die spanne wat vir hom gewerk het. Ek sien nog in my geestesoog hoe hy heen en weer in die dorp tussen sy vele munisipale projekte ry," het Willie onder andere gesê. Twee van Paul se geliefde liedere is gesing: *Soos 'n wildsbok* en *O Heer my God*

Francois (Kat) Myburgh, voormalige Areabestuurder: Gansbaai/Stanford, onder wie Paul van die begin af gewerk het, het 'n huldeblyk oor Paul se lewe gelewer en ook die bedankings behartig. "Ek kan na verskeie projekte waaraan Paul gewerk het, verwys - projekte wat hy deurgaans met ywer en presisie deurgevoer het," het Kat gesê. "Selfs ná sy aftrede het hy nie gaan stilsit nie - ek sien nou nog hoe hy met sy 'vaal keppie' op sy kop in sy 'two-tone' wit en swart bakkie die omgewing platgery het om homself met privaat onderhoudswerkies besig te hou."

Kat het na verskeie staaltjies, hetsy ernstig of humoristies, verwys - elkeen wat op Paul se unieke eienskappe dui. "Op see, besig met visvang, was Paul op sy gelukkigste - hy het elke visvangplek geken, en dit was moeilik om hom op 'mooiweersdae', soos hy dit genoem het, van die see af weg te hou. Daarmee saam het hy 'n onuitblusbare liefde vir die Weskus gehad." Kat het gemeld dat Paul sonder twyfel 'n klomp beskermengeltjies gehad het met alles wat hy soms aangevang het. "Hy was ook geneig om sy sinne soms onafgehandel te laat, en 'n mens moes maar self afleidings maak," het Kat gesê. "Dan het hy ook gereeld gesê: 'Gee my die dinges aan,' en bewaar jou siel as jy nie geweet het wat die 'dinges' is nie!" Kat het die diensgangers behoorlik vasgevang met inligting oor Paul se lewe en het afgesluit met die woorde: "Ek wens Paul kon vandag hier gewees het om te hoor hoe groot die invloed was wat hy op mense gehad het."

**Hardus Botha**

Gans-Berg Nuus/News
Weeklikse Gemeenskapskoerant
Website Link
TikTok
GANSBERGNEWS
Facebook Link
028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za

# VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nr 84836/2000** gepasseer deur

**MUNISIPALITEIT VIR DIE GEBIED VAN GANSBAAI**

ten gunste van **JOHN HENRY FREDERICKS - Identiteitsnommer: 631120 5177 01 2 en ELSIE FREDERICKS - Identiteitsnommer: 611217 0243 01 5 Getroud in gemeenskap van goed met mekaar** ten aansien van sekere **ERF 2382 GANSBAAI In die Munisipaliteit vir die gebied van Gansbaai Afdeling Caledon Provinsie Wes-Kaap** wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Wes Kaap te Kaapstad, Informasie Toonbank, 4de Vloer, Riebeekstraat 2, Foreshore, Kaapstad binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.


Gedateer te GANSBAAI op 6de dag van MEI 2026
Guthrie & Theron Prokureurs
Adres - Hoofweg 25 , Gansbaai , 7220
Epos - chireze@gtlaw.co.za , Tel nr - 028 384 0100




# Gansbaai Gholfklub - Brodie en Baklei-spanne vaar goed

Gansbaai Gholfklub se Brodie Liga 1-span en die Baklei-span het verlede week baie goed gevaar.

Die Brodie Liga 1-span wen vir Caledon, terwyl die Baklei-span gelykop teen Theewaterskloof speel - baie geluk aan altwee hierdie spanne.


Berty Sassman


**Woensdag, 6 Mei:**
Geen gholf as gevolg van die weer.

**Vrydag, 8 Mei:**
Pieter Uys wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 19 punte, gevolg deur Lionel Kemm 17, Andrew Dalgleish 17, Jacques Louw 17, Leon le Grange 17, Marietjie de Villiers 17, Johan du Preez 16, Barbra Halse 16 en JP Laubscher 16.

**Saterdag, 9 Mei:**
Berty Sassman wen die Enkel Stableford kompetisie met 40 punte, gevolg deur JP Laubscher 36, Willem Germishuys 34, Clive Bailey 33, Marietjie de Villiers 32, Joe Cesare 28, Theuns van Schoor 28, Adriaan Kloppers 27, Anton Jordaan 25 en Neil Harrison 22.

Naaste aan pen op no 8 was JP Laubscher.

Spog Twee's: Adriaan Kloppers (2) en JP Laubscher (8).


Pieter Uys.


Brodie Liga 1-span.

**Brodie Liga:**
Brodie Liga 1 wen vir Caledon met 3.5/2.5 op Gansbaai - Veels geluk! Die span was: Johan du Preez, Tiaan Muller, Johan Coetzee, Andre Hage (Liga Kapt), Pieter Smal en Werner Muller.

**Baklei Liga:**
Bakleiliga het gelykop gespeel met 1.5 elk teen Theewaterskloof op Theewaterskloof - Veels geluk! Die span was: Bev Swart (Liga Kapt), Bertie Laubscher, Hugo Groenewald, Andrew Dalgleisch, Jacques Louw en Gavin Flint.

**Vrydag, 15 Mei:**
Volgende steakaand.

**Saterdag, 16 Mei:**
Kompetisie is 'n Enkel Stableford.

**Verjaarsdae:**
Steven Hitchcock (10de) en Saretha Blignaut (20ste) - Veels geluk!

**Groete,**
**Johan Coetzee - 082 878 0543**

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Wednesday 13/5/2026 | Thursday 14/5/2026 | Friday 15/5/2026 | Saturday 16/5/2026 | Sunday 17/5/2026 | Monday 18/5/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 16° | 18° | 18° | 19° | 19° | 19° |
| Fresh Breeze 9 m/s from west 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from north-west 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from south 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from east 0 mm precipitation. | Moerate Breeze 7 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from south-east 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 15 May | 1416 | 0200 | 0804 | 2014 |
| 16 May | 0227 | 1459 | 0846 | 2058 |
| 17 May | 0311 | 1543 | 0929 | 2144 |
| 18 May | 0356 | 1629 | 1013 | 2232 |
| 19 May | 0443 | 1718 | 1059 | 2325 |
| 20 May | 0534 | 1811 | 1149 | 0025 |
| 21 May | 0630 | 1911 | 1245 | 0137 |
| 22 May | 0736 | 2020 | 1353 | 0200 |


Tax Compliance & Administration Services
WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee Co
A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za





**Medical 911**

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

# Sensei Yusuf Meyer trots op sy karate-studente


*Die karate-studente wat op 9 Mei 2026 opgradeer het.*

"Dit was ons eerste karate-gradering vir hierdie jaar op 9 Mei 2026 en my studente het almal baie hard gewerk," het Sensei Yusuf Meyer die *Gans-Berg Nuus* meegedeel. "Hulle verdien hul opgraderings en ek is baie trots op elkeen van hulle." Die studente waarna verwys word, is almal lede van Yusuf se Goju Ryu-karateklub in Gansbaai.

Die trotse studente (van huidige belt na volgende belt in hakkies) is: Tenisha Mohamed (wit - wit II), Renesmay Cooper (geel 3 - oranje), Charlie Cooper (wit - wit II), Shandré Tobias (geel 3 - oranje), Sheryl-Lee Tobias (oranje 2 - groen), Jono Hanekom (oranje I - groen), Amber Hanekom (oranje 3 - groen), Peyton Joseph (geel 3 - oranje), Elyah Burgers (oranje 3 - groen), Judah Burgers (oranje 3 - groen), Zack Meyer (geel - geel II) en Myron Temmers (pers - bruin).


*Twee langasem karate-studente vanaf witbelt tot bruin belt, Ethan Simpson (links) en Myron Temmers by Sensei Yusuf Meyer.*


*Myron Temmers (links) en Ethan Simpson toe hulle saam karate-klasse begin loop het.*

Een van die karate-mammas, Alethea Baytopp, vertel dat haar seun, Ethan Simpson, en Myron Temmers van kleins af saam karateklasse bywoon. Hulle het as witbelde begin en saam elke gradering deurloop. Ethan het reeds sy bruinbelt verwerf en sal weer teen die einde van die jaar gradeer. Myron is pas van pers- na bruinbelt opgradeer - 'n lang karatepad wat dié twee vriende saam gestap het.

Die redaksiespan van die *Gans-Berg Nuus* dra graag hul gelukwense aan die karate-studente oor met hul welverdiende opgraderings en wens hulle sterkte toe vir die pad vorentoe. Die Goju Ryu-karateklub se klasse word Woensdae van 17:00 tot 18:00 aangebied en Saterdae by die Toerismesentrum vanaf 09:00 tot 10:30 vir juniors en 10:30 tot 12:00 vir seniors. Vir navrae kan Sensei Yusuf Meyer by 062 023 6548 geskakel word.

**Hardus Botha**

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### PUBLIC PARTICIPATION PROCESS FOR THE DRAFT OVERSTRAND MUNICIPALITY MAINTAINING FIRE-WISE VACANT ERVEN POLICY

Overstrand Municipality hereby notify and invite all community members to comment on the draft policy for Maintaining Fire-Wise Vacant Erven.

The purpose of the policy is to provide minimum standards and guidelines that will provide for the effective management and control of fire hazards created by overgrown erven.

**Copies of this document can be viewed:**
- At all public libraries within the municipality;
- On our official website: www.overstrand.gov.za

The closing date for comments is **13 June 2026**.

Comments can be sent to Chief Lester Smith at: lestersmith@overstrand.gov.za

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### OPENBARE DEELNAMEPROSES VIR DIE KONSEPBELEID VAN DIE OVERSTRAND MUNISIPALITEIT: DIE INSTANDHOUDING VAN BRANDVEILIGE OORGROEIDE ERWE

Die Munisipaliteit Overstrand gee hiermee kennis en nooi alle lede van die gemeenskap uit om kommentaar te lever op die konsepbeleid vir die Instandhouding van brandveilige oorgroeide erwe.

Die doel van die beleid is om minimum standaarde en riglyne te stel vir die doeltreffende bestuur van en beheer oor brandgevare wat deur oorgroeide erwe veroorsaak word.

**Kopieë van hierdie dokument kan beskou word:**
- By alle biblioteke binne die munisipaliteit;
- Op die amptelike webwerf: www.overstrand.gov.za

Die sluitingsdatum vir kommentaar is **13 Junie 2026.**

Kommentaar kan gestuur word aan Brandweerhoof Lester Smith by: lestersmith@overstrand.gov.za

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### INKQUBO YOKUTHATHA INXAXHEBA KOLUNTU NGOMGAQU-NKQUBO OYILWAYO KAMASIPALA WASE-OVERSTRAND MALUNGA NOKUGCINWA KWEZIZA EZINGENANTO ZIKHUSELEKILEYO EMLILWENI (FIRE-WISE)

UMasipala wase-Overstrand wazisa ngolu hlobo kwaye umema onke amalungu oluntu ukuba anike izimvo zawo ngomgaqo-nkqubo oyilwayo omalunga nokugcinwa kweziza ezingenanto zikhuselekile emlilweni.

Injongo yalo mgaqo-nkqubo kukubonelela ngemigangatho esisiseko kunye nezikhokelo eziya kuqinisekisa ulawulo olusebenzayo nolusebenzayo lweengozi zomlilo ezibangelwa ziziza ezingahoywanga nezikhule kakhulu.

**Iikopi zolu xwebhu zingafumaneka:**
- Kuzo zonke iilayibrari zoluntu kummandla kamasipala;
- Kwiwebhusayithi esemthethweni kamasipala: www.overstrand.gov.za

Umhla wokuvala wokungeniswa kwezimvo **nge-13 kaEyeSilimela 2026.**

Izimvo zingathunyelwa kuMphathi oyiNtloko, uLester Smith, kule dilesi ye-imeyile: lestersmith@overstrand.gov.za

Dr DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 94/2026

156592

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Put your advert here
Contact us:
028 205 0100

# Vol program hou LSG se sportsterre besig



Laerskool Gansbaai (LSG) is behoorlik bedrywig, veral op die gebied van wintersport - dis die een byeenkoms ná die ander.

**Landloop**
Tydens die byeenkoms op 29 April 2026 by Die Bron Primêr in Stanford het van LSG se atlete uitstekende plekke onder die Top-6 losgeslaan. Volledige uitslae is soos volg:
Dogters o/9 - Joné Avenant 2de, Amelie Schrecker 3de en Faye Schrecker 5de; Seuns o/9 - Cody Oliphant 4de en Matayo Minnies 6de; Dogters o/10 - Mieke Groenewald 1ste; Seuns o/10 - Ferdinand Tobias 4de; Dogters o/11 - Liëtte Kotze 5de en Isabella Beets 6de; Seuns o/11 - Micah Fisher 2de; Dogters o/12 - Lucadin Jansen 5de en Kira Schrecker 6de; Dogters o/13 - Luchay Jansen 6de; Seuns o/14 - Matthew Fisher 5de. Baie geluk aan hierdie Langasem-Gansies. Almal is trots op julle en die Gans-Berg Nuus vertrou dat die volgende liga op 13 Mei 2026 by Buffeljagsrivier net so goed, en selfs beter, vir julle afgeloop het.
*(Foto's verskaf)*

**Rugby en netbal**
Die ligawedstryde op 7 Mei 2026 teen Struisbaai Primêr het sommer baie goed afgeloop. "Ons is dankbaar dat hulle ons kon besoek vir 'n goeie sportdag vol goeie gees en mooi sportmanskap," lui die LSG-mediaspan se boodskap. "Die Gansies het behoorlik hul staal gewys en kon al hul wedstryde teen Struisbaai wen - iets waarop ons baie trots is." Die geleentheid is ook benut om intern teen mekaar te speel, sodat alle spelers waardevolle wedstrydblootstelling kon kry. Elke kind het sy/haar beste gegee, met selfvertroue wat sigbaar gegroei het.
*(Foto's: Estie Goosen)*

**Ovies-wintersportdag**
"Deur digte mis op Saterdag, 9 Mei 2026, het die Gansies die pad na Laerskool Overberg aangepak vir die 22ste wintersportdag," vertel Annette Wessels van LSG. "Dit was 'n dag propvol sport, spanwerk en lekker saamkuier langs die velde en bane - van ons kleinste tot ons grootste Gansies het hul harte op die veld en baan uitgespeel." Die wedstryde is met deursettingsvermoë en goeie sportmangees aangepak. Die mediaspan sê dit was





besonders om te sien hoe leerders mekaar aanmoedig, ondersteun en nooit ophou probeer nie - ongeag die uitslag. Sulke dae bou nie net sporttalent nie, maar ook karakter, vriendskappe en kosbare herinneringe. LSG het hul dank teenoor Laerskool Overberg uitgespreek vir die gasvryheid en puik aanbieding van die dag. "Dit bly altyd 'n hoogtepunt op ons kalender en 'n geleentheid waarna ons uitsien."

**LSG se Gedagte vir die Dag:** "Sport leer kinders nie net hoe om te wen nie, maar ook hoe om met moed, respek en trots op te staan ná elke uitdaging."

**Hardus Botha**

